



Laerskool Mikro

GRAAD 7
TEGNOLOGIE
INFORMELE ASSESSERING 2020
MINI-PAT 2

Totaal : 70

Tyd: 180 min.

Naam : _____

Inhandig : _____

Brug-model :

Jy is 'n ingenieur wat betrokke is by die bou van 'n brug. Jy het die taak gekry om die model van die brug te bou in die omgewing waar dit sal wees. Die probleem wat jy het, is dat jy slegs papier tandestokkies kan gebruik vir die maak van hierdie model. Nadat dit klaar gebou is, sal dit uitgestal word as deel van 'n bemarkingsproses vir jou as ingenieur. Die brug moet ook voorsien word met 'n aanbieding wat alle inligting bevat van die brug.

Instruksies:

- 1.) Volg die stappe soos aangedui in die Powerpoint-aanbiedings wat vir jou weekliks bygevoeg word.
Moenie vooruit werk nie, dit word in fases voltooi.
- 2.) Die model mag slegs gemaak word van papier. Julle moet dus die materiaal versterk deur die versterkingstegnieke te gebruik waarvan julle geleer het.
- 3.) Die model gaan by die huis deur jou gebou word.
- 4.) Probeer eerstens om als self te doen. Indien jy met iets sukkel kan jy raad of instruksies vra vir iemand anders. Hulle moet dit nie vir jou doen nie.
- 5.) Die grootte van die model : Lengte : Minimum 20cm. en maksimum 40cm.
Breedte : Minimum 7cm. en maksimum 15cm.

Berei jou aanbieding voor :

- 1.) Julle werk alleen en maak 'n Powerpoint-aanbieding waarin julle meer oor hul brug aan ander verduidelik en dit ook bemark. Fotos kan geneem word, ekstra inligting kan getik/geskryf word en kreatiwiteit sal natuurlik tot jou voordeel wees. Die volgende inligting moet ingesluit wees :
 - Hulpmiddellys (materiaal wat gebruik is)
 - Gereedskap
 - Stappe om dit te bou
 - Finale tekening (voor- en bo-aansig)
- 2.) Die finale sketse moet alle inligting bevat met behulp van kleur en byskrifte. Netheid moet in ag geneem word!! Dit kan nie op rekenaar gedoen word nie, dit moet fisies geteken en geskryf word.

Ekstra inligting :

Die volgende sal help met stewigheid van jou brug:

- Triangulering
- Pypwerk
- Balke
- Stutte
- Binte
- Basisgrootte



Mini-Praktiese Assesseringstaak 2

Analitiese rubriek om Mini-Pat 2 te assesseer.

Naam : _____

Graad : _____

Datum : _____

Vlakke van bevoegdheid					
Kriteria	Voortreflik	Toereikend	Ontwikkel, maar nog nie bemeester nie	Vorder	
Puntetoekenning	7 - 8	6	4 – 5	2 – 3	1
Versterking	Die model is uitstekend verstewig deurdat byna alle tegnieke gebruik is om dit te versterk.	Die model is baie stewig en meeste tegnieke is gebruik om dit te versterk.	Die model kan regop staan en ondersteun gewig, maar kon beter versterk wees.	Daar kon van meer versterking gebruik gemaak word, maar kan regop staan.	Geen versterkingsmetodes is gebruik met die maak van die model nie.
Grafies te kommunikeer		Teken toepaslike sketse om die ontwerpidee te wys wat baie netjies voltooi is.	Teken toepaslike sketse vir die ontwerpidee.	Teken sketse, maar daar is inligting wat ontbreek.	Wynige inligting word verskaf d.m.v. die sketse en netheid ontbreek.
	Finale skets sluit pragtige byskrifte, kleur en netheid in. Die brug pas ook baie goed in by die omgewing waar die sal wees.	Finale skets sluit byskrifte, kleur en netheid in. Die brug pas goed in by die omgewing waar dit sal wees.	Finale skets dui aan waar die brug in die omgewing gaan wees en pas dit daar in, en meeste eienskappe word waargeneem.	'n Poging is aangewend om die brug te vermom om met die omgewing saam te smelt, maar dit was onsuksesvol.	'n Skets is ingehandig maar geen aandag is hieraan gegee nie.
Powerpoint-aanbieding	Aanbieding bevat alle inligting en dit word op 'n uiters kreatiewe en netjiese manier uitgebeeld.	Aanbieding bevat alle inligting en word op 'n netjiese manier uitgebeeld	Aanbieding bevat alle inligting, maar netheid kon nog meer gebruik word met die voltooiing hiervan.	Aanbieding bevat meeste inligting en netheid is nie in ag geneem nie.	Aanbieding bevat minimale inligting en geen kreatiwiteit en netheid word waargeneem nie.
Die model te maak	Werk deeglik en volhard daarin om die model self te ontwerp en te bou.	Werk effektief in die klaskamer aan die opdrag.	Is gewillig om te werk, maar sukkel om onafhanklik te werk.	Sukkel om te werk in die klaskamer en vra gedurig hulp.	Verrig geen werk in die klaskamer nie.
Kreatiwiteit	'n Uiters kreatiewe projek wat uitstaan van die res en waaraan baie tyd spandeer is.	'n Baie kreatiewe projek waarin baie tyd spandeer is.	Kreatiwiteit is gebruik met die voltooiing van die projek.	Meer kreatiwiteit kon gebruik word met die voltooiing van die projek.	Baie min kreatiwiteit kan waargeneem word in die projek.
Kommunikasie / Bemaking	Model word pragtig bemark en alle aspekte van die eindproduk word uitgebeeld.	Model word baie goed bemark en alle aspekte van die eindproduk word uitgebeeld.	Model word goed bemark, maar sekere areas van die model kon meer aandag geniet het.	Model word bemark, maar die teikenmark se aandag word nie heeltemal gehou daardeur nie.	Bemaking van model kon baie beter plaasgevind het.
Inligting		Alle inligting word deurgegee in die aanbieding. Daar is uitstekende voorbereiding gedoen	Meeste inligting word deurgegee in die aanbieding. Daar is baie goeie voorbereiding gedoen	Inligting word goed deurgegee, maar daar kon meer aandag gegee word aan aanbieding	Aanbieding het baie min aandag verkry en inligting is beperk.
Handtekening:				Totaal :	/ 60